

KWAAK!

'n Musikale Visdam storie...

NOTA AAN REGISSEUR:

Die volgende verhoogstuk is geskryf met die doel dat 'n klein private laerskool dit sou opvoer. Die rolverdeling maak dus voorsiening vir ongeveer 45 deelnemers maar kan minder of meer wees soos verlang. Die paddatjies en goggas het geen dialoog en kan die maklikste aangevul word.

ROLVERDELING:

- +/- 5 PADDATJIES
- +/- 5 GOGGAS (VLINDERS, NAALDEKOKERS, VISSIES)
- ARNOLDUS DIE LELIKE EENDJIE
- +/- 10 PADDASKOOL PADDATJIES
- MEESTER VAN DER SAND
- 3 VOËLTJIES
- PRINSES APPELLIEFIE
- BELSASSAR
- 3 REIERS
 - SKRAALNEK
 - SKIMMEL
 - BRAAM
- BLOUBESSIE
- MAESTRO
- KONING PADDA
- PADDA KONINGIN
- +/- 5 NINJA PADDAS

Alle dialoog asook die storielyn is oorspronklik en is die intellektuele eiendom van Megan van Wyk en JD Grobler.

Lirieke en musiek, met die uitsondering van die lirieke van *Oh, What a Beautiful Morning*, *Blou* en *Be Our Guest*, is die eiendom van die respektiewe outeurs. Die outeurs van hierdie werk verlang dat hul name in alle bemarkingsmateriaal, programme ens. moet verskyn in die geval van optredes.

Alle navrae kan gerig word aan Megan van Wyk - miss.meg7n@live.com

Eerste Bedryf

LIGTE OP.

KLANKE VAN WATER WAT VLOEI & MISKIEN 'N VISAREND IN DIE VERTE.

PADDATJIES SIT OP 'N WATERLELIE EN BEGIN "PAM-PAM" OP DIE MELODIE VAN PAUL McCARTNEY SE "FROG SONG" SOOS DIE **VLINDERS, VISSIES EN NAALDEKOKERS** TE VOORSKYN KOM. DIE VOLGENDE BENODIG CHOREOGRAFIE. DIE SANG GEDEELTES OP DIE WYSIE VAN "O, WHAT A BEAUTIFUL MORNING" WORD DEUR DIE GOGGAS VERDEEL TERWYL DIE PADDAKOOR DEURENTYD "PAM-PAM"

Pam-pam-pam (paddiyum)

pam-pam-pam (paddiyum)

O, wat 'n lieflike oggend

o, wat 'n lieflike dag

Alles so mooi skoon en helder,

Wat kan gebeur? Kannie wag!

Pam-pam-pam (paddiyum)

Pam-pam-pam (paddiyum)

HERHAAL INDIEN NODIG

GELAG VANAF P-KANT

EENDJIE 1: Kom julle ouens! Hierdie kant toe!

VYF **EENDJIES** KOM OP GEROLLEMSKAATS

EENDJIE 2: Ons kan hier wegkruip!

AGTER ROTS/RIETE.

EENDJIE 3: Dis 'n slim plan!

EENDJIE 4: Eina! Julle druk my!

EENDJIE 5: Dis oor daar nie genoeg plek vir jou ook is nie.

EENDJIE 1: Hou stil julle snawels, julle is erger as 'n klomp kekkelende hoenders. Sjuut, hier kom hy!

EENDJIE 4: Maar my vere word almal platgedruk!

EENDJIE 2: Waar sien jy nogals vere? Jy't nog net donsies.

EENDJIE 4 WORD UITGESTOOT.

EENDJIE 3: Kruip weg, hier kom hy!

EENDJIE 4 SKARREL ROND EN VIND UITEINDELIK WEGKRUIPPLEK NES DIE **LELIKE EENDJIE** OPGESKAATS KOM.

ARNOLDUS: Waar is julle? Hallooooo?!

DIE **EENDJIES** GIGGEL. **ARNOLDUS** KYK OM EN HULLE HOU DADELIK OP.

AR: Ek weet hulle is hier iewers. (AAN PADDAS) Het julle nie miskien vyf geel eendjies hier sien swem nie?

PADDAS:

Pam-pam-pam (paddiyum)

PADDAS KYK NA MEKAAR. EEN SKUD SY KOP/ TREK SKOUERS OP/WYS 'NEE', BEHALWE EEN OP DIE PUNT WAT VERWOEDELIK HAAR KOP KNIK. DIE ANDER STAMP AAN HAAR.

AR: Regtig? Waar?

PADDAS KYK HAAR STRENG AAN EN DIE KOP KNIK WORD 'N SKUD EN SY TREK HAAR SKOUERS VIR **ARNOLD**. OP.

AR: Ai tog, ek wil so graag saamspeel, maar hulle jaag altyd vir my weg. (SNAK) Miskien is dit 'n speletjie.

EENDJIE 1: KWAAK

AR: (AAN PADDAS) Was dit julle? Wil julle iets sê?

EENDJIE 3: Meeeee!

EENDJIE 5: Hoe-hoe, hoe-hoe

EENDJIES SKATERLAG EN VAL UIT HUL WEGKRUIPPLEK UIT.

EENDJIE 2: Ag, jy is tog so simpel, vir wat dink jy ons wil met jou speel?

EENDJIES: Arnoldus-Lompoldus kiriekstieks-stoldus, Vaalveer- grysveer slat jouself met 'n hamer neer

EENDJIE 4: Jy's so vaal en lelik.
 Jou snawel is skoon stomp.
 Kyk my mooi geel donsies.
 Jy's grys en dom en lomp!

EENDJIE 1 STAMP HAAR NADER

EENDJIE 4: Ooe nee!

EENDJIES SKATERLAG EN JAAG VAN VERHOOG AF.

ARNOLDUS SIT MISMOEDIG OP 'N KLIP EN HUIL. HY SING "BLOU".

AR:

**Oral om, om my heen
is dit blou
ek wil ook mooi wees
ek wil ook saamspeel**

VD SAND: Goed dan, Arnoldus. Luister mooi.

MAESTRO KOM OP. HY DRA TAILS EN 'n MUSIEKSTAANDER. HY TIK DAAROP MET SY KONDUKREURSTOKKIE. DIE **PADDAS** ORGANISEER HULSELF IN 'N KOOR. MUSIEK. DEUR DIE VOLGENDE LIEDJIE WORD **ARNOLDUS** DIE REGTE POSTUUR GEWYS, HOE OM ASEM TE HAAL, EN ELKE NOU EN DAN LAAT HY 'n "KWAAK!" UIT WAAROOR **VD SAND** SY KOP SKUD. HIER IS BAIE POTENSIAAL VIR KOMEDIE.

DIE LIEDJIE SELF MOET TUSSEN DIE **PADDAS** VERDEEL WORD. 'n KANON KAN GEDOEN WORD. DIE **GOGGAS** KAN OP HIERDIE STADIUM SAAMSING – OF WOORDE OF LA-LA-LA'S. "SCALES AND ARPEGGIOS" DEUR ROBERT & RICHARD SHERMAN VIR DIE DISNEY FILM "ARISTOCATS".

Do mi do mi do so mi do
Every truly cultured music student knows
You must learn your scales and your arpeggios
Bring the music ringing from your chest
And not your nose
While you sing your scales and your arpeggios

If you're faithful to your daily practicing
You will find you progress is encouraging
Do mi so mi do me so mi fa la so it goes
When you do your scales and your arpeggios

Do mi so doi
(Fast piano music playing)

do mi so do do so mi do (Repeat)
Though it seems at first it doesn't show (VD SAND & ARNOLD SING SAAM)
Like a tree, ability will bloom and grow
If you're smart you'll learn by heart what every artist knows
You must sing your scales
And your arpeeee ee eeggioooooooooos!

VD SAND: Verstommend! Puik!

ARNOLD: Ai, Meester van der Sand, ek is niks spesiaals nie.

VD SAND: Nooit gesien nie, jy is die beste student wat ek in jare gehad het. Kom, vanaand sing jy saam met ons by die Paddafees. Dit gebeur net elke honderd jaar. Dit sal baie spesiaal wees as jy ons sal akkompanjeer.

ARNOLD: Dit sal 'n groot voorreg wees Meester...

DRIE VOELTJIES KOM INGEVLIEG EN SING ("JUST IN TIME" VAN GYPSY WYSIE DEUR JULE STYNE EN STEPHEN SONDHEIM)

BIRDS: Do-do-do-do-do-do-do-do Net betyds do-do-do-do-do-do-do-do Net betyds! Net. Be-tyds!

VD SAND: Ag wat kan dit tog wees?

BIRDS: Do-do-do-do-do-do-do-do Dis die kat do-do-do-do-do-do-do-do DIS DIE KAT!

VD SAND: Wat? Wat van die kat?

BIRD 1: Ons het hom hoor praat –

BIRD 2: Oftewel ons het –

BIRD 3: Afgeluister

BIRD 1&2: Sjuut!

BIRD 1: Toe dog ons maar ons dra –

BIRD 2: Die boodskap oor –

BIRD 3: Aan Meester

VD SAND: En wat het die kat gesê?

AL DIE PADDATJIES: Wat het die kat gesê?

BIRD 1: Sê jy –

BIRD 2: Nee, jy –

BIRD 3: Nee, ek! Die kat het gesê
dat sy paddas wil hê
en dink toe jap-trap aan 'n plan

BIRD 2: 'n Nare komplot,
die patetiese sot
want toe roep sy sommer daar en dan –

BIRD 1: Die reiers tesaam
Elkeen op hul naam
Skraalnek en Skimmel en Braam

PADDAS: Oe nee, oe wee!!

VD SAND: Rustig nou Paddatjies. Wat presies beplan sy?

BIRD 2: Om in te val by die Paddafees
en die Koning en Koningin op te vreet!
Ook vis en voël en ander dinge wat wemel.
Sy wil Koningin van die Paleistuin wees.

PADDAS & GOGGAS: Oe nee! Oe wee!

VD SAND: Dankie Voëltjies. Nou weet ons darem wat sy in die mou voer.

ARNOLD: Maar wat gaan ons doen?

VD SAND: Almal luister vir my, wees kalm, alles is onder beheer, moenie paniekerig raak nie, ek het 'n plan...
(WINK VIR **ARNOLDUS** NADER EN BEGIN FLUISTER, **GOGGAS** EN **PADDAS** KOM NADER OM TE LUISTER EN
MAAK ASSENTING SOUNDS)

Tweede Bedryf

OPEN OP **PRINSES APPELLIEFIE** SE KAMER. **BELSASSAR** IS 'N SWART KAT MET 'N WIT KOL OP DIE BORS. DIE DRIE **REIERS** SIT OP DIE VENSTERBANK SOOS DOODSGEESTE.

BEL: (GEE 'N GROOT SUG) Goed dan, verstaan julle nou of moet ek dit nog één keer verduidelik?

SKR: Nee baas, dis okei, ek checkit, ek sal weer verduidelik.

BEL: Nes jy wil.

SKRAALNEK DRAAI NA **SKIMMEL** EN **BRAAM** EN KLAP SY SNAWEL VEELSEGGEND 'N PAAR KEER BYMEKAAR. **SKIMMEL & BRAAM** KYK NA MEKAAR EN BEGIN CHAOTIES TERUG KOMMUNIKEER MET SNAWEL-KLAPPE. **BELSASSAR** KYK DIT ONGELOWIG AAN.

BEL: Nou wat was dit?

SKR: Nee, dit was niks baas, hulle verstaan nou.

BEL:Ja, maar wat verstaan hulle, Skraalnek?

SK: Ons wag tot dit donker raak by die dam, né, en al die paddatjies bymekaar is, né?

B: Jup.

SKR: En dan wag ons vir die teken van jou af.

B: Jup.

SK: En dan slaan ons toe.

BEL: Dit klink min of meer korrek. Onthou net, die Paddakoning is myne. En dan maak julle drie lummels seker daar bly nie een enkele padda oor nie, nie EEN nie!! Hoor julle my?! (Zone uit vir 'n oomblik en begin dan pels verwoedelik te lek)

B:Jup-jup-jup...uh...maar-uh, Belsassar, wat gaan dan van die ekostelsel word?

BEL: hm?

B: Die-uh, die ekostelsel by die dam

BEL: Wat in hemels naam praat jy van, Domkop?

B: Die naam is Braam, baas, maar-uh die ekostelsel baas, (HY VERDUIDELIK MAAR MET MOEITE) die ekostelsel bestaan uit 'n baie sensitiewe balans tussen alle lewende diere en hul omgewing se abiotiese komponente en as ons al die paddas uitwis gaan dit mos 'n negatiewe invloed hê op die ekostelsel.

BEL: ...Braam,jy verbaas my. Dink jy regtig ek gee 'n dooie duit om oor die gebeure daarbuite? Julle maak net seker daar's vanaand paddavleis vir my of dis TIEKETS met al drie van julle!!! (ZONE UIT EN BEGIN PELS VERWOEDELIC LEK)

REIERS STAAN VERSKRRIK STIL.

SKR: Dis reg baas, Braam is net bietjie swak in die kop, ons verstaan.

PRINSES A : (IN DIE VERTE) Hier Kittie Kittie!

SK: Wat was dit?

BEL: (ROL Oë) Die Prinses Appelliefie, niks vir jou om oor te bekommer nie. Nou goed, julle kan maar gaan, kry my net voor sonsondergang buite die paleis . vanaand eet ons paddavleis! Muhahahahah!

REIERS HANG NOG ROND EN 'VROETEL' SOOS DIT 'N VOËL BETAAM

BEL: Wat maak julle nog hier? Toe, skoert, voetsek, hamba!

APPELLIEFIE EN BLOUBESSIE KOM GIGGELEND OP.

P: Kittie! Hier is jy! Kom hier jou liewe ding, ek roep jou dan nog heeltyd, wat kom jy nie aan nie?

BL: (ASOF AAN 'N BABA) Ag, miskien is sy bietjie hardhorend.

BEL: Is jy ernstig? Lyk ek vir jou miskien soos 'n hond? (LEK POOT)

P: (WINK VIR BLOU) Kyk wat het ek hier vir jou – 'n mooi rooi lint!

BLOU GIGGEL

BEL: Oooooe, lint...(AGTERDOGTIG) Wat presies is jou plan hiermee?

BL: Kyk tog nou net hoe mooi gaan jy lyk Kittie-Kat

P.A: Wag! Laat sy stil sit, ek moet dit vir al ons maters op BBM stuur! (AAN BEL) Jy is tog te skatlik.

BEL: O nee, daars geen manier nie, ek sal nie van my 'n verspotting laat maak nie.

P: Wag nou Belle!

BEL: (IN DIE VERTE) My naam is BELSASSAR!!!

BL: (LAG HARDOP) Ek kan my lag nie meer hou nie! Wat het sy alles gese?

P.A: Bloubessie, jy moet onthou, Belle is nie bewus daarvan dat ek kan hoor wat sy sê nie.

BL: (SUG) Ek wens ek het 'n awesome talent soos dit gehad.

P.A: Maar Bes, jy't jou eie unieke talentel!

BL: Soos wat?

P.A: Uhm...jy kan dan so mooi sing.

BL: O..ja, ek kan!

P.A: Presies!

OP DIE WYSIE VAN "BE OUR GUEST" VAN BEAUTY AND THE BEAST DEUR ALAN MENKEN

BL: Ek kan sing!

Ek kan sing!

Ek kan vreugde aan jou bring:

Ek het soveel meer talente as wat net ek aan kan dink

P.A.: Jy kan sing en jy dans!

BL: En met tye praat ek Frans!
Je m'appelle Bloubessie
Q'uelle heure est-il?
Oui, oui, oui

Ek kan bak
En soms brou

P.A: Jy kan origami vou!

BL & P.A: En dit alles is maar nog net die begin
Sodra jy daaraan dink
Dan sal jy gou uitvind
Jy't talent
Jy't talent
Jy het talent!

P.A: Sien Bes, jy't baie talente!

BL: Is dit wat my uniek maak Appelliefie?

P.A: Dis deel daarvan...maar vir my is jy spesiaal somer maar net oor daar net een van jou is.

BL: En jy's vir my spesiaal want jy's my beste vriendin...Kom ons gaan kyk wat maak Belle.

P.A: Jy meen BELSASSAR!

HARDLOOP GIGGELEND UIT.

LIGTE AF.

BELSASSAR KOM INGEHARDLOOP, EN SUKSEL MET DIE ROOI LINT OM HAAR NEK TOT DIT AFKOM.

BEL: So ja, vervlakste ding.

EENDJIES AAN TEENOORGESTELDE KANT VAN VERHOOG, OP SOEK NA ARNOLDUS. **BELSASSAR** KRUIP SUUTJIES AGTER 'N PAAR RIETE WEG.

EENDJIE 3: Arnooooolduuuuus!

EENDJIE 1: Arnoldus?

EENDJIES: ARNOOOOLDUUUS!

EENDJIE 4: Wat gaan ons doen as ons hom nie kan kry nie?

EENDJIE 5: Dan sê ons vir Ma ons kon hom nie kry nie.

EENDJIE 4: Maar sy't gesê sy gaan ons stertvere uitpluk as ons hom nie kry nie!

EENDJIE 2: Ek wil nie my stertvere uitgepluk hê nie!

EENDJIE 3: Ek ook nie!

HUIL SAAM.

BEL: Mmmm, middagete...

P.A: Kittie?! Hier Kiets!

BEL: Lyk my middagete sal net moet wag... SLUIP NOG VERDER AGTER DIE RIETE IN

EENDJIES HUIL BIETJIE. PRINSES **APPELLIEFIE** EN **BLOUBESSIE** KOM NOU OOK IN EN KYK DIE KLOMPIE AAN.

EENDJIES: Wat sal ons tog maak!?

P.A.: Miskien kan ons help. KOM AGTER DIE RIETE UIT.

EENDJIE 5: Urgh! Wat is julle?

P.A: Ek is Prinses Appelliefie –

BL: En my naam is Bloubessie!

EENDJIE 4: Maar julle lyk dan nes mense.

P.A.: Is so, maar ek is eintlik 'n fee-prinses!

M: (VANUIT HAAR WEGKRUIPPLEK) Wat? En hier praat ek nog heeltyd met haar asof sy my nie kan hoor nie!
Laat ek eerder spore maak, voor sy my gewaar! EXIT.

EENDJIE 3: Maar hoe kan jy ons help?

EENDJIE 2: Ag, is jy simpel? Almal weet feetjies kan toor!

EENDJIES SAAM: Jippie! Ons stertvere is gered!

P.A: Erm, dis nie so maklik nie julle. Ek het nog nie mooi geleer hoe nie, ek kry dit altyd verkeerd...

EENDJIES: Aaaaaw...

P.A: Maar ek kan julle op ander maniere help! Ek kan myself weer groot maak en help soek!

EENDJIES: Jippie!!

BL: As ek mag vra, hoe het julle julle boetie verloor?

EENDJIES STAAN VERLEë ROND.

EENDJIE 4: Wel, hy (WYS NA EENDJIE 1) wou nie hê Arnoldus moes saam ons speel nie.

EENDJIE 1: Ja, maar hy het gesê ons moet vir hom wegswem!

EENDJIE 3: Jy't ingestem! In elk geval, SY is die een wat hom altyd eerste begin spot het!

EENDJIE 5: Ek het nie! Almal weet dis SY(EENDJIE 4)!

EENDJIES BAKLEI NOU OOR EN WEER OOR WIE SE SKULD WAT IS.

P.A: Okei, okei saggies julle! Dit help niks julle baklei so met mekaar nie! Ons moet saamspan!

EENDJIE 2: Ek is sommer lus en gaan huistoe sonder om hom te soek, vir wat moes ou Noldus-kepoldus in elk geval gaan staan en soek raak? Nou gaan Ma ons stertvere uitpluk net oor hom.

BL: Dit klink vir my asof julle 'n groot probleem het.

EENDJIE 1: Wel, ja, ons moet ons boetie kry voor dit donker raak!

P.A: Nee, ek dink nie Bloubessie praat nou van daardie probleem nie...

BL: Nee, ek praat van julle houdingsprobleem...

EENDJIES: Houdingsprobleem?

P.A: Ja, julle kort 'n *major attitude shift*. Al waaroor julle nog sover bekommerd was was oor wie se skuld dit is en hoe julle Ma julle gaan straf, maar nie een van julle het besef dat julle eintlik julle boetie weggeboelie het nie.

EENDJIES KYK SKULDIG NA MEKAAR.

BL: Ek dink ons het 'n liedjie wat julle sal help.

WEES LIEF EN DIERBAAR DEUR ELIZABETH FOURIE

Wees lief en dierbaar

Teenoor alle mense

Liefde ken geen grense

Wees lief en dierbaar ENS

WEEREENS KAN DIE **GOGGAS** EN KLEIN GROEP **PADDATJIES** INGEBRING WORD OM TE DANS.

P.A.: Sien julle, dis eintlik maklik om julle medemens met respek te hanteer.

EENDJIE 1: Dit is! Ek het nooit geweet dat ons vir Arnoldus so sleg laat voel het nie.

EENDJIE 2: Sommer so sleg dat hy sou wou wegloop!

EENDJIE 3: Ek sal hom nooit weer terg nie.

EENDJIE 4: En ek sal hom nooit weer lelke name noem nie. Of uitsluit as ons speletjies speel nie.

EENDJIE 5: Dankie dat julle ons daai liedjie geleer het Prinses!

EENDJIES: Baie dankie Prinses Appelliefie! Dankie Bloubessie!

BL: Ag dis 'n plesier julle outjies.

P.A: Nou, hoe maak met Arnoldus?

LIGTE AF

Derde Bedryf

OPEN OP VISDAM. DIE PADDATJIES IS GEREED OM HUL FEES TE VIER EN OOK OM VIR BELSASSAR EN DIE REIERS 'N STRIK TE TREK.

VD SAND: Ek dink alles is nou gereed! Paddatjies, is julle in posisie?

PADDAS: Ja, Meester van der Sand!

VD SAND: Arnoldus, is jy in posisie?

ARNOLDUS: In posisie, Meester van der Sand!

VD SAND: En ons geheime wapen?

AR: In posisie en gereed vir aksie!

VD SAND: Perfek! Maestro...

MAESTRO KOM OP EN TIK OP SY MUSIEKSTAANDER. VIOLE BEGIN SAGGIES SPEEL. LIGTE VERDOOF OP DIE VISDAM.**BELSASSAR** EN DIE **REIERS** VERSKYN OP DIE ANDERKANT VAN DIE VERHOOG.

BEL: Onthou, wag vir my sein, en nie een van julle raak aan die Koninklikes nie. Hulle is myne!

REIERS: Reg, baas!

BEL: Gaan nou! En hou my dop!

DIE **PADDATJIES** NEURIE SAGGIES MET CRESCENDO SOOS DIE REIERS NADER KOM.

BELSASSAR GEE DIE SEIN EN DIE **REIERS** SLAAN TOE.

REIERS: AH-HAH!

LIGTE OP. DIE HELE **PADDAKOOR** IS GEKLEE IN KONINKLIKE DRAG.

PADDAS: AH- HAH!

BRAAM: Wat nou, baas?

BEL: Vreet hulle! Roei hulle uit! Maak...(SIEN DAT ALMAL SOOS DIE KONINKLIKES LYK) Hmm, ja dis nogals 'n probleem.

VD SAND: Arnoldus! Ons geheime wapen!

NINJA PADDAS VERSKYN.

BEL: Ek dink ek gaan spore maak...

HIER VOLG 'N CHOREOGRAPHED STUK WAAR DIE **NINJAS** EN DIE **REIERS** MEKAAR AANVAL. **BELSASSAR** PROBEER WEGHARDLOOP MAAR WORD OMRING DEUR **PADDAS**. DIE **REIERS** WORD OORVAL DEUR DIE **NINJAS**.

VD SAND: Nou ja, Kat. Dit lyk my jou plan het misluk!

BEL: Ek weet nie hoe julle uitgevind het nie, maar hierdie is NIE die einde nie!

VD SAND: Dis waar jy verkeerd is, Kat. Hierdie is die einde. Ons sal nie deur jou geboelie word nie!

BEL: Haai maar ek wou julle nie boelie nie, ek wou julle opvreet!

BR: Ek wou julle nie opvreet nie, belowe!

SK: Bly stil, Braam!

BR: Nee, ek sal nie, ek moet die waarheid vertel!

SKR: Braam is bietjie swak in die kop.

BR: Daar's niks fout met my nie. Ek is 'n vegetariër!

VD SAND: Maar dis uitstekend!

SK&SKR: Dit is?

BEL: Jy's 'n WAT?

VD SAND: 'n Vegetariër is iemand wat homself van vleisprodukte weerhou.

SK: Ons is eintlik almal vegetariërs.

BEL: Maar julle is reiers! Julle eet paddas!

SKR: O, nee. Ons eet eintlik lankal nie meer paddas nie.

BR: Hulle is veels te glibberig. No offense.

SK: Ons kon net nie laat enigiemand uitvind nie, ons het tog 'n reputasie om te onderhou.

BR: Ons sou julle nie regtig seergemaak het nie.

BEL: Nou wat van my plan om Koningin van die Visdam te word?

AR: Waarvoor wil jy Koningin van die Visdam wees?

BEL: Sodat – sodat... Sodat julle almal my kan respekteer! Julle dink dis maklik om 'n kat te wees? Almal is vanself somer bang vir jou, sonder dat jy enigiets verkeerd gedoen het. Ek sou myself kon versoen met die gedagte dat almal voor my moet buig, dan sou dit nie so erg gewees het dat ek geen maats het nie...

AR: Ek weet hoe dit voel om nie maats te hê nie. Ek sal jou maatjie wees...

BEL: Regtig?

TROMPETTE. DIE **KONING EN KONINGIN** VERSKYN.

KONING: Meester van der Sand?

VD SAND: Ja, u Edele Hoogheid?

KONING: Die plan het verloop soos volg?

KONINGIN: Ons lewe nog, so dit was seker suksesvol.

VD SAND: Nes u daar sê, u Majesteit.

KONING: (KUG) Nou ja, ek glo ons het 'n spesiale eer om te betoon aan ons jong vriend Arnoldus.

AR: Wie ek?

KONINGIN: Ja skat, daar's niemand anders teenwoordig met daardie naam nie.

AR: O, ja, natuurlik.

KONING: Arnoldus, met hierdie medalje wil Ons jou graag vereer, vir uitmuntende braafheid.

AR: Wow, dankie julle! Ek meen, u Edele Majesteite.

KONINGIN: Dis 'n plesier, my kind. En ons bedank ook al die liewe paddatjies wat vanaand saamgestaan het om ons te beskerm. Vanaand se Paddafees is aan julle opgedra.

PADDAS JUIG.

KONING: En so, wat sal ons met hierdie klomp booswigte maak?

AR: Hulle is toe eintlik nie so sleg nie!

VD SAND: Hulle het aan ons bely hulle is vegetariërs.

KONINGIN: En die Kat?

BEL: My naam is Belsassar. Ek is baie jammer ek het julle probeer opvreet. Ek het regtig nie besef hoe onaangenaam julle sou wees om af te wurg nie... Ek wou eintlik maar net hê dat almal my ook sou respekteer...en miskien my maatjies sou wees.

KONINGIN: Wat 'n snaakse manier van liefde uitsoek.

AR: Ek het reeds aangebied om haar maatjie te wees.

KONING: Dis baie goedgesind van jou, Arnoldus.

BEL: En ek sou graag maats met jou wil wees.

KONINGIN: Nou goed dan, belowe jy om nooit weer ons koninkryk so op hol te sit nie?

BEL: Ek belowe.

KONING: Nou ja, ek spreek julle hiermee vry van alle skuld en julle word hartlik uitgenooi om ons te vergesel na ons Paddafees. Soos julle weet, dit gebeur net elke honderd jaar en ons is reeds bietjie laat.

BR: Ons sal met graagte.

AR: Kom Belle, jy kan saam my stap.

BEL: Asseblief, noem my Belsassar.

AR: Uhm, okei.

KONINGIN: Ons kan begin, Meester van der Sand.

VD SAND: Maestro!

AL DIE **PADDAS**, **GOGGAS** ENS VERGADER OM **MAESTRO**, PARTY SPEEL INSTRUMENTE, ANDER HOU LANTERNS VAS, DIE **KONING** EN **KONINGIN** GAAN SIT OP HUL TROON EN AANSKOU ALLES. ENIGE DANS PASSIES WAT UITGEVOER WORD IS NATUURLIK EN EENVOUDIG. "THE FROG SONG" DEUR PAUL MCCARTNEY.

Pam-pam-pam-paddiyum

Pam-pam-pam-paddiyum

Win or lose, sink or swim
One thing is certain we'll never give in
Side by side, hand in hand
We all stand together

ARNOLDUS:

Play the game, fight the fight
But what's the point on a beautiful night?
Arm in arm, hand in hand
We all stand together

DIE EENDJIES + BLOUBESSIE + APPELLIEFIE KOM OP

DIE MUSIEK EN GENEURIE VERVOLG MET DIE DIALOOG

P.A: Ek het jou gesê ons moet die musiek volg! Kyk net, daar's 'n hele fees hier aan die gang!

BLOUBESSIE: Oooe! Dis paddatjies wat so mooi sing!

EENDJIE 3: Is dit dan nie?...

EENDJIE 1: Kan dit wees?

EENDJIE 2: Maar dis dan Arnoldus!

EENDJIE 4: En hy lyk so mooi...

EENDJIE 5: Arnoldus!

AR: Haai julle, wat maak julle hier?

EENDJIE 1: Ons het vir jou kom soek! Ma het gesê sy -

EENDJIE 3: Sjuut! Ons was baie bekommerd oor jou...

EENDJIE 2: En ons maats het ons laat sien dat ons verkeerd was om lelik te wees met jou.

EENDJIE 4: Asseblief vergewe ons!

AR: Haai julle, natuurlik vergewe ek julle. Maar kom, dis die Paddafees en die goue paddatjie gaan nou-nou sing. Julle kan ook saamsing. Hierdie is almal my nuwe maatjies!

EENDJIES: Wow!

La lala-

Keeping us warm in the night

La la la la

Walk in the night

Youll get it right

Herhaal

DIE GOUE PADDATJIE VERSKYN EN SING 'n VERS, ALMAL JUIG HAAR TOE ENS.

**Win or lose, sink or swim
One thing is certain well never give in
Side by side, hand in hand
We all stand together**

We all stand TOGETHER!

EINDE